


## Jou geld

Beplan  
slim

# Wat is die beste vir jou én vir jou maat?

Die verloofing is aan die vinger en die troue word beplan. Maar het julle al gepraat oor julle geldsake? **Kelly Minnie** het kenners gevra waarom paartjies behoort te dink.



**T**een die tyd dat jy reg is om voor die kansel te staan, het jy heel waarskynlik al jou eie bates soos eiendom of voertuie en dalk jou eie skuld.

"Dit is baie belangrik dat jy die regte huweliksverdrag kies voordat jy op jou troudag 'ja' sê. Dit kan in die toekoms baie ernstige komplikasies uitkakel," sê Alex Simeonides, uitvoerende hoof van Capital Legacy.

Die sleutel is om voor die troue jou en jou maat se finasies te bely en te beskerm, sê Larry Masson, finansiële adviseur by Momentum Consult.

Hier is 'n paar dinge om in gedagte te hou:

**1. Binne gemeenskap van goedere:** Dit beteken dat alle bates wat jy en jou gade besit, hymekeargevoeg word en dat alles dan aan albei van julle behoort.

Wees versigtig as jy dié opsie kies. As jy binne gemeenskap van goedere getroud is kan jy net 50% van jul gesamentlike boedel aan iemand van jou keuse maak as jy sterf.

Jou gade kan kies wat gebeur met die ander helfte van die boedel. Oorweeg eerder 'n huweliksvoorwaardekontrak waarvolgens albei huweliksmaats hul eie bates behou.

**2. Buite gemeenskap van goedere:** Dit beteken dat alle bates en

skuld wat voor die huwelik aan jou behoort, joune bly. Elkeen bly verantwoordelik vir hul eie bates en skuld. As jou huweliksmaat bates bykry tydens die huwelik, kan jy nie daarop aanspraak maak nie.

**3. Buite gemeenskap van goedere met aanwasbedeling:** Dit beteken dat dit waarmee jy in die huwelik ingekom het, apart bly en slegs die bates wat tydens die huwelik opgehoop word, word gedeel. Masson sê dit is die gewildste opsie omdat dit algemeen beskou word as die regverdigste.

**4. Huweliksvoorwaardekontrak:** Dit is nie net vir ryk paartjies nie.

'n Huweliksvoorwaardekontrak word opgestel deur twee mense wat op trou staan. Dit is 'n kontrak wat in besonderhede albei huweliksmaats se finansiële regte en verantwoordelikhede uitstippel.

Só 'n kontrak kan vir albei beskerming bied sou die paartjie later skei.

'n Huweliksvoorwaardekontrak moet voor die troue deur 'n nota-

ris opgestel word en moet binne drie maande by die aktekantoor geregistreer word.

**5. Tweede huwelik:** Indien jy vir die tweede keer trou, moet jy die unieke behoeftes van die gesin in ag neem.

Oonthou, 'n eenvoudige wysigting aan jou testament kanselleer nie die finansiële verpligtinge van jou vorige huwelik nie, veral as daar minderjarige kinders betrokke is.

Besker  
jou en jou  
maat se  
finasies.

"Saamgestelde gesinne kan 'n hele klomp finansiële kompleksiteite veroorsaak," sê Simeonides.

"Doeltreffende boedelbeplanning en wysigings aan jou testament beteken dat jy kan verseker dat enige minderjarige kinders uit 'n vorige huwelik sowel as jou huidige eggenoot en familie versorg word."

**6. Gebruik 'n finansiële tussen-ganger** om te verseker dat jy deur doeltreffende boedelbeplanning 'n erfenis agterlaat vir jou familie.

**7. Sit al jou kaarte op die tafel:**

Laastens beklemtoon Masson die belangrikheid van kommunikasie oor finasies.

"As twee lewens saamsmelt, moet jy oorweeg wat die beste is vir jou én vir jou maat. Eerlikheid en deursigtigheid is die sleutel tot billikheid," sê hy.

Dit kan 'n oorweldigende onderwerp wees en kan makliker wees om te doen met die hulp van 'n finansiële adviseur wat die saak objektief sal benader. Deur dit behoortlik te doen, skep jy 'n stewige finansiële grondslag wat jou huwelik vir die toekoms bestendig sal hou, sê Masson.